# SILLABUSSE VIR SA BOERPERD KWALIFIKASIES

Implementeringsdatum: van toepassing op kandidaat beoordelaars / keurders wat vanaf 2024 die intree-eksamen aflê.

**SA BOERPERD KEURDERS**

1. Slaag 'n skriftelike KEURDERS intree-eksamen:
   - Rasstandaard & Bouvorm;
   - Kursusse;
   - Selfstudie.

2. PRAKTIES
   - Slaag 'n minimum van 4 verskillende keuringstoere in verskillende provinsies soos deur die Raad bepaal en goedgekeur. Die hoofkeurder van elke toer sal verslae aan die kantoor stuur vir assessering deur die raad. Indien die verslae nie bevredigend is nie, word die aantal keuringstoere vermeerder.
   - Tydens die keuringstoere, moet die kandidaat tydens die laaste toer ook 'n praktiese mondelinge eksamen volgens die keuringspuntekaart aflê. Dit word by die verslag aangeheg.

3. HINGSKEURING (1)
   Die kandidaat-keurder is medeverantwoordelik vir die (i) meet van hoewe; (ii) hoogtes van perde; (iii) evaluering van gebit; (iv) bevestiging van kleurmerke; (v) teenwoordigheid van testikels en (vi) kontrolering van mikroskyfies. Vir die keuringsproses moet perde volgens ouderdomme van jonk na oud gerangskik word. Wanneer perde losgemaak word vir assessering van beweging, moet hulle behulpsaam wees in die arena. Ook moet hulle tydens keuring betrokke wees by die administrasie verbonde aan die hingskeuring, asook ander take soos aan hulle toegeken.

4. HINGSKEURING (2)
   Indien al bg. in plek is, doen die kandidaatkeurder aansoek om sy/haar finale eksamen tydens die Hingskeuring in die daaropvolgende jaar af te lê.
   Tydens die eksamen:
   - Word keuringspuntekaarte ingevul en ingehandig vir latere evaluering deur SA Stamboek.
   - Dit word nie in berekening gebring vir die keuring van hingste op die spesifieke hingskeuring nie.

* SA Boerperd keurders kan slegs deur die Raad aangestel word.
* Indien 'n kandidaatkeurder nie binne 5 jaar vanaf die aflegging van die intree-eksamen voldoende vordering getoon het nie, verjaar sy/haar eksamens en moet hy/sy van voor af begin met die intree-eksamen.
* Indien gekwalifiseerde keurders in 3 jaar nie gekeur het nie, verval hulle kwalifikasie.
* Keurders wat nie die opknappings bygewoon het nie, mag nie hingste keur nie.
* Slegs 3 keurders kan per jaar die FINALE EKSAMEN tydens die hingskeuring aflê

**SA BOERPERD BEOORDELAARS**

1. Slaag 'n skriftelike BEOORDELAARS intree-eksamen:
   - Rasstandaard & Bouvorm;
   - Algemene Skoureëls & Etiket;
   - Handleiding: Handklasse;
   - Handleiding: Universele Klasse (www.showingsa.co.za);
     (Skou ryperd (HMR); Skou Jagperd; *Show Hack*; Werkende Jagperd; Veelsydige ryperd);
   - Handleiding: Tradisionele 3G, 5G & Vertoonperd klasse;
   - Handleiding Interdissiplinêre klasse;
   - Handleiding: Tuigklasse;
   - *Saddle Seat*;
   - Kursusse;
   - Selfstudie.

2. PRAKTIES
   - Versamelring-beampte (hekwag);
   - Beoordelaarsbeampte (Scribe);
   - Baanmeerster (nasionale kampioenskappe);
   - 3 x beoordelings as kandidaatbeoordelaar met 3 positiewe verslae van die hoof beoordelaar (universeel EN tradisioneel) wat elk van bg. komponente insluit. Die finale verslag is 'n mondeling. Die skoue word vermeerder indien die verslae van die hoofkeurders nie positief is nie.

3. FINALE PRAKTIESE EKSAMEN
   - Vind plaas tydens die Nasionale Kampioenskappe of tydens 'n ander skou soos deur die Raad bepaal.
   - Tradisionele eksamen kan slegs afgelê word waar daar van 'n Hi-low beoordeling gebruik gemaak word.
   - Dit is nie verpligtend om Universeel en Tradisioneel tydens dieselfde skou af te lê nie.

Die kandidaat beoordelaar word gemeet teen die reeds gekwalifiseerde beoordelaars tydens die Nasionale Kampioenskappe.

* SA Boerperd beoordelaars kan slegs deur die Raad aangestel word.
* Indien 'n kandidaat-beoordelaar nie binne 5 jaar vanaf die aflegging van die intree-eksamen vordering toon nie, verjaar sy/haar eksamens en moet hy/sy van voor af begin met die intree-eksamen.
* Indien gekwalifiseerde beoordelaars binne 'n 3 jaar nie baanmeester of beoordelaar was nie, verval sy/haar kwalifikasie en moet hy/sy weer 'n praktiese eksamen aflê.